Pyne met raad? Vul dié vraelys in

Die burgerregte-waghond AfriForum het 'n openbare deelnameproses begin waarmee hy wil vasstel wat die aard van inwoners se kopsere met die Tshwane-metroraad is.

Dit kom nadat hy tientalle klagtes oor munisipale dienstereken inge ontvang het.

Tshwane sukkel al etlike jare om korrekte rekeninge aan inwoners te stuur.

Mnr. Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, sê die deelnameproses behoort 'n aanduiding te wees of hulle in samewerking met inwoners regstappe moet doen, sou Tshwane nie bereid wees om aandag te gee aan die probleme nie.

"Ons hoop Pretorianers sal die geleentheid aangryp en hul probleme opper sodat dit AfriForum in staat kan stel om dié metroraad tot verantwoording te roep," sê Kriel.

Ontevrede inwoners kan inligtingsessies wat AfriForum volgende maand oor die stad gaan hou, bywoon of 'n vraelys op www.afriforum.co.za invul.

Die vraelyste sal ook in plaaslike koerante gepubliseer word.

– Cobus Claassen